# Mosambiek uitreik – Verslag 2021

## Ds Giepie Van der Merwe

Vir my (Giepie) persoonlik was dit 'n wonderlike persoonlike ervaring van geestelike groei en verryking.

Om vir 'n hele aantal dae saam met Ds. Danie Murray na Mosambiek toe te kon ry was werklik in opsigself baie waardevol gewees.

Ek tesame met Ds. Paul Modise (Deputaat vir ekumenisiteit van die Algemene Sinode) het saam met Ds. Murray vertrek na Mosambiek vroegoggend op 2 Julie 2021.




Die eerste dag het ons gery na Macia te Mosambiek waar ons oorgeslaap het by "Back to The Bible" Bybelskool.



Van daar het ons die tweede dag vertrek na Inhassoro waar ons die tweede aand langs die strand vernag het.

Van daar het ons die derde dag vertrek na Mnr. Piet Van Zyl se huis by Gorongosa waar ons die nag oorgeslaap het.

Goeie gesprekke rondom die sending (uitdagings en geleenthede) in die Noord- Ooste van Mosambiek het voortdurend plaasgevind.

Op die vierde dag het ons van daar vertrek na Milange waar ons die volgende paar dae sou deurbring.

Op dag 5 het ons vergader met die afvaardiging van die Tumbine Sinode.



Sake onder bespreking:

- ***a.*** Daar is lank gesels oor die kwessies wat daar bestaan met die dienswerk van Pastor Fernando Alfredo, wie ons in samewerking met die Tumbine Sinode wil stuur om sending werk in die Noord-Ooste van Mosambiek te doen. Dit wil voorkom of hy nie sy werk as predikant op Lugela voldoende uitvoer nie. ***‘n Saak wat verder bevestiging ontvang het toe Ds. Danie Murray hom later op sy reis gaan oplaai het om saam met hom van Mocuba (waar hy woon) na Lugela te gaan en hy nie eens die pad soontoe geken het nie.***

**Tog is daar van die afgevaardigdes van die Sinode se kant af op die vergadering besluit om wel die Memorandum van Verstandhouding te onderteken sonder dat hulle enige wysigings op hierdie stadium wil maak.**

Hulle het voorgeneem om al die kwessies self met Pastor Fernando te probeer uitklaar en indien dit nie die gewensde uitwerking het nie, sal hulle dan 'n ander sendeling aanwys om hierdie werk in sy plek te doen.

b. Daar is ook gesels oor die lewens-subsidie kwessie van die Mosambiekse predikante en die Sinode verstaan dat Annlin net die uitbetalings fasiliteer en nie kan pa staan vir die SA gemeentes wat nie meer bydra nie. Dit is egter 'n wesenlike probleem soveel so dat daar tans drie predikante is wat geen inkomste ontvang nie en die kommer bestaan dat hulle noodgedwonge die bediening sal moet staak om ander werk te gaan soek, sodat hulle ook vir hulle families sal kan sorg.

Predikante wat tans geen subsidie ontvang nie:

1. Pastor Paulo Carlos, wie se subsidie voorheen deur ***Gereformeerde kerk Laeveld*** betaal was, ontvang nou nie meer subsidie nie.
2. Pastor Januario Eduardo- Was voorheen 'n Student wat deur 'n anonieme donateur (gefasiliteer deur ***GK Annlin***) tydens sy studies bygestaan is, maar nou dat hy sy studies voltooi het en in die bediening is ontvang hy geen subsidie nie.
3. Pastor Samuel Reginate Matunda, wie voorheen 'n dosent by Hefsiba was, maar vandat hy weer in 'n gemeente in die IRM bedien ontvang hy geen subsidie nie.
    - Daar bestaan 'n moontlikheid dat Pastor Nico Mario wel nou dubbeld subsidie kan ontvang vanaf GK Brooklyn en 'n ander N.G. Gemeente, maar die afvaardiging van die sinode het aangedui dat hulle net dit sal gaan bevestig. Dit sal goed wees indien ons met hulle hieroor kan opvolg.

c. Die derde saak onder bespreking was die saak rondom die teologiese student genaamd Namutapa van Ribáué. Die Sinode het bevestiging gegee dat hy wel by Hefsiba aangekom het en met sy eerstejaar studies begin het. Daar is egter nog geen vordering gemaak om die res van sy studie geld in die hande te kry nie. Hulle begryp onder watter voorwaardes ons as EVK voorgeneem het om hom by te staan en hulle sal daarom in gesprek tree met Hefsiba en aan hulle noem dat ons as gemeente R 10 000 vir sy studies sal bydra mits hy 'n ander befondser vir die res van die bedrag sou kry. Om so te hoor of Hefsiba nie verantwoordelikheid sal neem vir die res van die bedrag wat dan nog uitstaande is nie. Hulle sal na ons toe terugkom in verband hiermee.
   ***Dit het egter met ons besoek toe later aan Ribáué duidelik geword dat Ouderling Namutapa groot skade in die gemeente/gemeenskap aangerig het deur allerhande valse beloftes aan mense te maak indien hulle by die gemeente sou aansluit. Soveel so dat hy na sy studies nie met vrug daar sal kan arbei nie, maar elders gestuur sal moet word. Die afvaardiging van die Tumbine-Sinode het voorgeneem om ook met hom hieroor in gesprek te tree en hom hieroor in samewerking met Hefsiba te vermaan.***
d. Die vierde saak op die agenda was die oorhandiging van die Oudio Bybels waarop die Heidelbergse Kategismus se opnames in Lomwe ook opgeneem is, sowel as die Portugese hardeband Bybels. Die afvaardiging was geweldig dankbaar hiervoor en was verstom dat daar so vinnig werk gemaak is hierin en dat dit nou al tot hulle beskikking gestel is. Die Moderator van die Sinode staan pa vir die verspreiding van die Oudio Bybels en hy doen dit waarlik op oordeelkundige wyse deur dit te versprei waar daar Bybelstudiegroepe is, sodat dit die wydste moontlike impak kan maak.



e. Die vyfde saak op die agenda was 2022 se uitreik. Die Sinode verstaan dat dit vanweë verskeie redes al moeiliker raak om 'n groot groep-uitreik te doen. Hulle is baie dankbaar vir die kleiner groepe wat wel gestuur word. Ten opsigte van die area waar gewerk moet word kon hulle nie 'n antwoord gee nie, aangsien hulle nie voldoende fondse het om areas te besoek, sodat hulle kan vasstel waar werk nodig is, of waar daar geleentheid vir uitbreiding is nie. **Hulle het daarom die voorstel aan ons as gemeente gerig om hulle eerder finansieël by te staan, sodat hulle self in staat kan wees om verskillende areas te besoek. So sal hulle beter kan vasstel waar die areas is waar ons uitreikspan moet gaan werk.**

***Voorstel 1:**

**Ek wil voorstel dat ons gehoor gee aan hulle versoek.**

**En as dit kom by ons eie uitreikspanne, dat ons dit dan 'n tipe van 'n instelling sal maak om elke jaar se uitreikspan(ne) die geleentheid te gun om saam met Ds. Danie Murray te ry eerder as om net in en uit Mosambiek te vlieg.**

**Ek het self ervaar hoeveel waarde daar in is en ek dink om ander gemeentelede vir sending te mobiliseer (wat so 'n kern deel van ons as EVK se groot roepng is) sal dit van onskatbare waarde wees as die reis na Mosambiek saam met Dominee Murray in sy bakkie afgelê sou word.**

**Hy as Danie is baie gewillig hiertoe aangesien hy dit as sy roeping sien om mense hier in Suid-Afrika te mobiliseer vir die sending in Mosambiek, daarom die naam van sy bediening nl. "Handevat".**

**Hy is dus altyd opsoek na mense wat wil saam ry.**

**Hierdie kan dus 'n mooi samewerking tussen ons en hom tot onstaan bring.**
**Ons as EVK kan dan elke keer vir Dominee Danie help betaal aan sy reiskoste, wat ons en hom baie sal spaar. Ek stel voor dat die komissie dit ernstig in oorweging sal neem om dit van nou af ons wyse van vervoer na Mosambiek en ook daar te maak...**

**<u>*Voorstel 2:</u>**

**Ds. Danie Murray het ook voorgestel dat ons moet probeer om een keer 'n maand 'n whatsap gesprek of Zoom ontmoeting te reël onder al die Suid-Afrikaanse gemeentes en individue wat met die IRM se Timbune sinode saam werk of skakel. Daar is 'n hele paar N.G. gemeentes sowel as Gereformeerde gemeentes wat hierin werksaam is, maar die kommunikasie onder mekaar ontbreek sodat daar nie werklik saam gewerk kan word tot meer effektiwiteit nie. Iemand gaan dit egter moet inisieer en sorg dat die gesprekke gereël word en gereeld plaasvind. Ek dink dit is iets wat ons as EVK sal kan doen of waarvoor ons dalk iemand kan aanwys om hierin verantwoordelikheid te neem. (Danie Murray het aangedui dat sy "handevat" bediening hieraan sy volle steun sal gee).**

Hiermee was die vergadering afgesluit.

Op dag 6 het ons saam met Pastor João Herbath (sekretaris van die sinode) vertrek na die gemeente waar hy bedien in Tezeze en waar hulle besig is om 'n nuwe kerkgebou op te rig.



Pastor João Herbath is woonagtig in Milange waar hy ook voorheen predikant was. Maar hy was bereid om die roeping op te neem om eerder 'n sukkelende gemeente in Tezeze te gaan bedien, wat 40 kilometer buite Milange geleë is. Die pad daarheen is seker die slegste grondpad wat ek self persoonlik al ooit gesien het en Pastor João lê dit dan gereeld elke week af ter wille van die dienswerk daar. Hierdie daad van selfopofferende liefde is maar net 'n bewys van die mooi gesindheid wat daar in die sekretaris van die Sinode bestaan. En dit is iets wat mens gereeld kon raak sien op ons reis verder soos wat hy vir die volgende aantal dae saam met ons die ander gemeentes besoek het.

Op Dag 7 het ons saam met Pastor João sowel as Pastor Samuel Pedro vertrek na Pebane om die gemeente daar te gaan versterk en verder te gaan toerus.

Op ons pad soontoe het ons op Mocuba gestop om met Pastor Fernando Alfredo te vergader. Die kwessie rakende die opstel van 'n ooreenkoms tussen hom en die sinode rondom die eienaarskap van sy duursame motorfiets is aangespreek en nadat hy eers nie gewillig daartoe was nie het hy wel later daartoe ingestem om die ooreenkoms op te stel en te onderteken.

Daar is ook met hom gepraat oor die redes waarom hy nog nie weer aangedui het waar hy volgende op 'n sendingsreis sal vertrek nie. Die rede wat hy daarvoor gegee het was die inperking vanweë Covid en dat hy volgens hom na die inperking eers baie tyd in die gemeente in Lugela moes spandeer aangesien hy hulle nie tydens grendeltyd kon sien nie.

Daar is ook met hom gepraat rondom die tydsduur van sy sendingreise en hy het versoek om eerder meer gereeld maar dan meer dikwels die sendingreise af te lê om rede hy 'n plaas het wat bewerk moet word, sodat hy aan sy familie kan voorsien, aangesien die lidmate van Lugela volgens hom ver astande uit mekaar uit bly wat maak dat besoeke by hulle aan huis baie van sy subsidie opneem.

Tog blyk dit dat dit dalk nie die waarheid mag wees nie, sienende dat hy later saam met Dominee Danie Murray nie eers die pad geken het tot by Lugela nie. Ons sal daarom die saak moet opvolg.

Daarna het ons verder die lang pad na Pebane afgelê.

***Voorstel 3:**

**Op pad soontoe het ek en Dominee Danie 'n lang gesprek gehad rondom Pastor Fernando en of hy werklik met die wolk wat oor hom hang die regte persoon is om as sendeling na die Noorde van Mosambiek te stuur. Ds. Danie was net van mening dat Pastor Fernando nie alleen gestuur moet word nie.**

**Gesien in die lig van dit wat Christus doen wanneer hy Sy dissipels twee-twee uitstuur (Volg Lukas 10) en die klem wat die Apostel Paulus later tydens Sy sendingreise daarop geplaas het om in spanne te werk en gesien in die lig van die feit dat Ds Fernando regtig net volgens Ds. Danie meer effektief is wanneer hy saam met iemand anders sou werk, wil ek aan die kommissie 'n voorstel maak dat ons in samewerking met die Timbune Sinode soek na iemand wie vir Pastor Fernando van nou af sal kan vergesel op sy volgende sendingreise.**

**Ds. Danie is van mening dat die Moderator van die Sinode die ideale persoon sal wees om pastor Fernando te vergesel op sy reise.**

**Dit gaan beteken dat ons dalk nog 'n motorfiets sal moet aankoop wat voldoende sal wees vir die lang afstande wat hulle gaan aflê, maar ek is oortuig dat die Here vir ons weer hierin sal voorsien soos Hy met die eerste motorfiets so wonderlik kom doen het. My bede is dat die kommissie hierdie voorstel ook ernstig in oorweging sal neem.**

**<u>*Voorstel 4:</u>**

**Ek wil ook voorstel dat ons Pastor Fernando die geleentheid gee om meer gereeld ook saam met Ds. Danie Murray te reis op sy besoeke aan ander gemeentes. Ek dink Ds. Danie sal werklik ‘n kosbare invloed op Ds. Fernando se lewe, vorming en bediening kan hê.**



**(Pastor Fernando Alfredo en sy vrou saam met Ds. Paul)**

Laat die aand het ons toe aangekom by die gemeente van Pebane waar hulle ons met koordans en vreugdevolle sang ontvang het . Waarlik ‘n wonderlike belewenis.



**(lidmaat van Pebane wat al oor die 20 jaar ‘n pad saam met Jesus loop. “Ek raak nou oud saam met Jesus” het hy gesê.)**

Dag 8 het begin met ‘n besoek saam met die gemeente aan ‘n baie siek man wat as diaken in die gemeente dien. Daar is vir die man en hulle wat hom versorg gebid en hulle is versterk vanuit die Woord en die gelowiges se gebede. Die Diakonie van Annlin het ook fondse bewillig (2500 meticas) om dit vir die gemeente moontlik te maak om die broer by ‘n hospitaal uit te kry, sodat hy die nodige mediese hulp kan ontvang. Iets waaroor die gemeente en sy familie geweldig dankbaar was.



Daarna is daar met die opleiding/toerusting van die gemeente lede op Pebane begin. Ds Paul het eers die gemeente op treffende wyse vanuit die Woord toegespreek rondom die tema van “vrug dra” as gemeente.

Daarna is daar opleiding gegee in die Ontdekkings-Bybelstudie om die gemeente hierin met ‘n hulpmiddel toe te rus om self God se hart in Sy Woord te ontdek en in gehoorsaamheid daarop te reageer en om ook saam met ander lede van die gemeenskap ‘n doeltreffende pad na Jesus Christus toe te kan stap.

Die gemeente het mooi die waarde daarvan ingesien en Ds. Samuel Pedro wie saam met ons gereis het het voorgeneem om as Konsulent van die betrokke gemeente, verder ‘n pad saam met die gemeente hierin te stap om dit sodoende nog meer by hulle vas te lê.

Op dag 9 het ons vertrek na die ander “gebedshuis” van Pebane waar ons net so vriendelik ontvang is. Nadat ons geëet het, het ons dadelik weggespring om met die toerusting te begin.

Ds. Paul het weer op baie treffende wyse met hulle vanuit die Woord gesels rondom die tema van "voorvader- aanbidding". Dit het hulle waarlik geraak, soveel so dat een van die jong manne in die gemeente hom openlik daartoe verbind het om nie meer hierdie boosheid te beoefen nie.

Daarna is die gemeente hier ook toegerus met die Ontdekkings-Bybelstudie as hulpmiddel vir hulle eie geestelike groei, maar ook vir verdere dissipelmaking te gebruik. Ook dit was 'n wonderlike geseënde geleentheid.



Op Dag 10 het ons vertrek van Pebane na Ribáué. Oppad het ons vir Pastor Jussa op Alto Molócué besoek en saam met hom en sy gesin gebid.



**(Pastor Jussa en sy familie)**

Van daar het ons verder na Ribáué vertrek waar ons die twee Mosambiekse predikante afgelaai het om daar te oornag, sodat hulle die volgende oggend vroeg al met die toerusting van die gemeente daar kan begin.

Ek, Ds. Paul en Ds. Danie het vertrek na Nampula om daar te oornag, sodat ons die volgende oggend vroeg die Covid 19 toetse kon aflê met die oog op ons vlug ‘n paar dae later terug na Johannesburg toe.

In Nampula het ons oornag in die kerkgebou van Nampula Gereformeerde kerk waar ons vriendelik ontvang is deur Pastor Lorenzo en sy vrou Fatima.

***Ds. Danie het aangedui dat daar dringend gesoek word na nog R 600 rand ‘n maand om die predikant en sy gesin by te staan, aangesien hulle in ‘n sending-gebied werksaam is en daar nog nie ‘n volwaardige gemeente geplant is nie. Die feit dat hy en sy gesin in die stad woon waar lewenskoste baie duurder ook is, maak dat hulle hierdie ekstra befondsing benodig. Indien die komissie saam kan dink oor moontlik oplossings hiervoor sal dit goed wees.***

Op Dag 11 is ons vroeg na die Covid toets sentrum waar ons die nodige toets afgelê het.

Waarna ons vertrek het na Ribáué en daar aangekom is ons deur ‘n wonderlike jong egpaar ontvang wat ons vir die volgende paar dae op hulle eie onkoste sou versorg het nl. Broer Thomas en sy vrou Gloria (sien foto)



Ons kon egter nie daardie dag met opleiding begin het nie aangesien die besoeke aan die regering van daardie omgewing net te veel tyd in beslag geneem het.

Ons kon wel nodige tyd saam met die jeug in daardie omgewing deurbring om sodoende die verhoudings te begin bou.

Op dag 12 het ons wel die oggend met opleiding begin en Pastor Samuel Pedro het aangedui dat hy baie graag die Ontdekkings-Bybelstudie aan hierdie groepie mense wil leer om hulle sodoende met ‘n hulpmiddel toe te rus om self te groei in hulle verhouding met die Here en om ‘n pad saam met ander ook hierin te kan stap.



Die gemeente in Ribáué het feitlik tot niet gegaan vanweë broer Namutapa se verkeerde handelinge. Daar het net ‘n klein splinter groepie onder leiding van broer Thomas oorgebly en die groepie is werklik ernstig om te groei in Christus en om die gemeenskap met die Evangelie te bereik.

Hulle ywer en die moontlike werking van die Gees het vir Pastor Samuel Pedro wie saam met ons gereis het genoop om bekend te maak dat hy baie graag na die gebied saam met sy gesin sal wil verhuis om vir Thomas en sy medewerkers by te staan en te begelei. Ons bede is dat hierdie versoek toegestaan sal word en dat God se koninkryk deur Pastor Samuel en hierdie ander ywerige volgelinge daar in Ribáué op wonderbaarlike wyse sal kom.

Daarna het ons na Nampula vertrek waar ons teen 17:00 ons Covid-toets uitslae moes gaan af haal.

Nadat ons dit gedoen het en ons verneem het dat albei, ek en Ds. Paul Negatief vir die Covid virus getoets is, het ons die laaste aand weer gaan oornag in die kerkgebou van Nampula se Gereformeerde kerk.

Na aand ete het ons 'n lang en mooi sessie van terugvoer onder leiding van Pastor João Herbath gehad, waar elkeen wat die uitreik meegemaak het terugvoer kon gee oor hoe hy dit beleef het.

Hier is die dinge wat vir my die meeste uitgestaan het en wat ek ook met julle as kommissie wil deel:

1. Die ywer en ***dienende leierskap onder die moderamen*** van die Timbune Sinode. Alhoewel hulle as moderamen in hulle kerkverband dien is hierdie broers nie bang om hulle moue op te rol en hard vir die kerk en die uitbreiding van die Koninkryk te werk nie, selfs waar dit geweldige opoffering van hulle kant af verg!
2. Die 27 jaar-lange ***ywer van Dominee Danie Murray*** vir die mense van Mosambiek. Om te sien hoe lyk iemand wie se hart breek vir die groep mense wie hy geroep is om te bedien en watter geweldige prys hy al vir so lank daarvoor moet betaal. Hy is 'n verpersoonliking van Romeine 12:1- iemand wie sy liggaam aan God gee as 'n lewende, heilige en welgevallige offer.
3. Die besoek aan Ribáué en ***die gasvryheid van broer Thomas*** en sy vrou Gloria. Dat hulle, wie self finansieël swaarkry, bereid is om vyf vreemde manne vir twee en 'n half dae te ontvang en met etes op hulle eie onkoste te versorg, terwyl hulle nie eers die predikantspaar is nie. In hulle het ons te sien gekry hoe lyk *'n huis van vrede* soos in die geval van byvoorbeeld Lydia die puperverkoopster of die tronkbewaarder van Filippi in Handelinge 16.
   – In Thomas hulle se gasvryheid en selfopofferende liefde en hulle eie honger na God se Woord en die verdere bereidheid om ook die mense rondom hulle daaraan bloot te stel is hulle waarlik uitbeelding van hierdie Bybelse konsep gewees.
   Daarom glo ek was Pastor Samuel dan deur die Gees oorgehaal om sy dienswerk vir God se kerk en koninkryk daar in Ribáué saam met hulle te gaan voortsit.
   Daar was egter ook 'n paar dinge wat kommer wek:
   1. ***Pastor Fernando Alfredo*** is een daarvan.

2. Die feit dat daar so ***min sendelinge*** tans in Mosambiek is!
   Sendingstasies staan leeg. Waar voorheen gelowige dokters, verpleegsters, onderwysers en predikante hulle lewe vir die sending kom aflê het, is daar nou weinig min hiervan te sien. Om Ds. Danie se hartseer te hoor wanneer hy met ons hieroor gepraat het, het mens self gestem tot hartseer. En dit is 'n tendens wat ook op baie ander plekke gesien word, wat dit net bevestig dat God se volk (die kerk) oor die algemeen vandag net nie meer so bereid is om te "gaan" en dissipels te gaan maak van *alle nasies* (Matteus 28), soos in die verlede nie.
   As EVK van gemeente Pretoria-Annlin is ons genoodsaak om tre vra hoekom is dit so? En wat kan ons in afhanklikheid van God doen om die saak aan te spreek?
   Dit bring my by my laaste voorstel:
   ***Voorstel 5:**
   **Ek wil voorstel dat ons vir Ds. Danie Murray vra om 'n pad saam met ons as EVK hierin te stap. Sienende dat hy dit as sy rol sien om die kerk in SA hiervoor te mobiliseer en terselfde tyd die vermoë het om op liefdevolle, nederige wyse indringende en die nodige selfondersoekende vrae te vra, glo ek sal hy ons mooi hierin kan help en begelei oor hoe om as EVK ons gemeente vir sendingwerk in ons eie omgewing maar selfs dalk ook nog verder en wyer te mobiliseer. Ek wil daarom voorstel dat ons 'n versoek aan hom rig om ons hierin te help en via zoom gespreks- en toerustingsessies met ons as EVK te hê.**

Laastens wil ek dan vir julle dankie sê vir die vooreg om te kon gaan op hierdie uitreik. Mag ons aanhou om mense te stuur...

Groete in Christus
Giepie